



Onder redaksie van MARTIENS VAN BART

Eerste 'Huisgenoot'-redakteur se geskifte Pionier J.J. Smith

Die waardevolle dokument-, brief- en manuskripversameling van Johannes Jacobus Smith, eerste redakteur van *Die Huisgenoot* en die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*, is pas in die J.S. Gericke-biblioteek van die Universiteit Stellenbosch verwerk en geïndekseer. Die projek is aangepak ná ruim geldskenkings deur die L.W. Hiemstra Trust en Naspers. **MIMI SEYFFERT**, vakkundige by die afdeling spesiale versamelings in die Dokumentesentrum wat die leiding met die projek neem, vertel meer oor die man en sy nalatenskap.

“EK is so bly om te sien dat mense aan die Kaap nou weer besig is om ons gewone skryftaal, Afrikaans, op te hef en te veredel. Dit is soos dit hoort,” skryf J.J. Smith in 1907 uit Londen aan sy moeder op Tulbagh. Hy was indertyd 'n ingeskrewe student aan die Londense Universiteit, waar hy antieke en moderne tale sowel as die regte bestudeer het. Sy destydse briewe tuis maak deel van die versameling uit.

Smith (1883-1949) was 'n taalkundige van formaat wat diep spore in die geskiedenis van die US sowel as die Nasionale Pers getrap het. Hy word onthou vir sy besondere bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans. Die inhoud van die versameling, reeds in 2000 deur die familie Smith aan die US geskenk, is so veelsydig soos Smith self was.

Sy korrespondensie, byvoorbeeld, met skrywers, kunstenaars, denkers en politici bied 'n diep insig in die tyd waarin hy geleef het en in die persoonlikhede, soos onder andere dié van Langenhoven, Fagan, Leipoldt, Jan Celliers, D.C. Boonzaier, Erich Mayer, J.H.H. de Waal en Von Wielligh, met wie Smith gedagtes uitgeruil het.


'n Groot klomp onontginde kennis is opgesluit in die versameling, wat nou maklik tot die beskikking van navorsers is. Daar is onder meer 'n hele stuk geskiedenis oor die ontwikkeling van Afrikaans.

Ook bevat dit, uiteraard, gedetailleerde inligting oor die ontstaan van die WAT, die Nasionale Pers (Naspers), die Afrikaanse Taalvereniging, die vroeë jare van die Universiteit van Stellenbosch wat uit die Victoria College ontstaan het – en die destydse tweetaligheidskwessie waarmee toe al op en om die kampus geworstel is.

Bovermelde brief dui ook op die problematiek van die indertydse streng toegepaste gebruik om slegs in Hoog-Hollands te skryf. Dit lui: “Ek meen nie dat ek te veel sê wanneer ek sê wat ek van Hoog-Hollands af weet nie, maar tog bly dit vir my 'n vreemde taal – 'n taal wat my moeder my nie leer praat het nie, 'n dooie boeketaal.

“Ek skryf wel in die gekunstelde en gemaakte Hoog-Hollands aan u, maar dit is eenvoudig omdat ek met daardie dwaalbegrip grootgeword het en dat die taal wat ek elke dag spreek, 'n kombuistaal is en nooit op papier gesien mag word nie.”

Smith meen nie noodwendig dat Nederlands weggedoen moet word nie, maar “dat die gewone Afrikaner in die eerste plek sy eie taal moet skryf en fatsoenlik kan praat voor-



J.J. Smith as student in die regte en tale aan die Londense Universiteit, en op gevorderde leeftyd in sy studeerkamer afgeneem. Die katalogus van die J.J. Smith-versameling is in rooi leer gebind. Die titel is in goue letters daarop aangebring.

dat hy Hoog-Hollands beetpak. Ons behoort 'n beskaafde Afrikaanse taal aan te kweek en moet met die onsinnige na-afery van die Hollanders ophou. Ons het immers ons eie taal.”

J.J. SMITH is op 5 Oktober 1883 in Roodezandskloof, distrik Tulbagh, gebore as jongste van vier kinders. Sy pa was 'n wamaker van Wellington wat later in die distrik Tulbagh geboer het.

Smith het op Tulbagh en aan die Hoërskool Gimnasium in die Paarl skoolgegaan. As student aan die Victoria College in moderne tale presteer hy sodanig dat hy die Hiddingbeurs verwerf wat hom in staat stel om aan die Universiteit van Londen verder te studeer.

Dit is in dié jare in Londen, van 1905 tot 1913, dat hy 'n intellektuele ontwaking beleef. Terwyl hy ywerig ook Oud-Yslands en Anglo-Saksies bestudeer, maak hy kennis met die regte.

Hy skryf in 1906 soos volg aan sy moeder: “Ek was laas Woensdagaand teenwoordig in Middle Temple, waar die advokate studeer, en sien hoedat 32 nuwe advokate voorgestel word. Wag maar, ek word ook nog advokaat.

Wat dink u daarvan?”

Hy het hom vir die regte ingeskryf en word in 1909 as advokaat toegelaat, hoewel hy in sy latere lewe nooit in 'n hof opgetree het nie.

In Londen ontmoet hy eendersdenkende Suid-Afrikaners soos Louis Leipoldt, wat hy ná hul eerste ontmoeting as 'n “egt flinke Afrikaner” beskryf.

Dit is ook in Londen waar hy baie van sy idees oor die Afrikaanse taal ontwikkel het.

Benewens sy studie en sy betrokkenheid by die Afrikaanse Taalvereniging in Londen, ontmoet hy ook sy eerste vrou, 'n Australiese mooi, Mabel Hardy. Hy leer haar Afrikaans praat, lees en skryf – en in 1923 gee sy die *Jaarboek vir Afrikaanse kinders* uit.

Twee kinders is uit die huwelik gebore, Jan Hardy en Anna Hester. Smith is ná Mabel se dood met Miemie Wicht van Stellenbosch getroud.

In 1914 is Smith aan die Victoria College aangestel as hoogleraar in Frans en Duits, en in 1918 bied die Universiteit Stellenbosch hom die eerste leerstoel in Afrikaans en Nederlands aan.

In 1916 word hy die eerste redakteur van *Die Huisgenoot*.

Ná 'n besoek in 1925 aan Nederland begin hy met sy lewenstaak – die opstel van die *Afrikaanse Woordeboek*.

Daar word vandag nog ywerig aan hierdie projek gewerk waarvan hy grondlegger was. In die versameling is meer as 65 dokumente oor die netelige kwessie rondom die vordering met die WAT.

J.J. Smith was voorts ook betrokke by die

Gemeenskaplike Matrikulasierraad, die SA Nasionale Kunsmuseum en die Nasionale Pleknamekomitee. Ook het hy gereeld artikels oor etimologie geskryf, onder meer vir *Die Suiderstem*, en oor seëls, kuns, Africana en die versamel van ou dokumente. Al hierdie take het hy met ywer en deeglikheid aangepak.

As lid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het hy graag met sy kollegas verskil, veral tydens die sogenaamde “Spellingkwessie” van die vroeë 1930's. Smith was 'n hooggeleerde man met 'n ongelooflike kennis van taal en spesifiek Afrikaans. Sy omstrede eiesoortige “Smith-spelling” het hom egter groot onmin en ongewildheid op die hals gehaal.

In 1948 het die Universiteit van die Witwatersrand 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken. Hy is kort daarna, in 1949, oorlede.

DIE J.J. Smith-versameling beslaan altesame 7,2 m rakruimte. Dit bevat onder meer familie-korrespondensie, insluitend briewe tussen hom en sy ouers van 1898 tot 1935, manuskripte deur hom en skrywers soos Leipoldt, A. du Biel, G.R. von Wielligh en J.F.W. Grosskopf. Ook is daar items rondom die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Universiteit van Stellenbosch, die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Nasionale Pers, *Die Huisgenoot*, die Afrikaanse Taalvereniging, Die Afrikaanse Genootskap (DAG), asook talle radiopraatjies, toesprake, notaboeke en knipsels van en oor J.J. Smith. Ander interessante items in die versameling is:

- Op 30 September 1920 stuur Melt Brink aan J.J. Smith die oorspronklike eksemplaar van die eerste gedig wat hy op 14-jarige ouderdom in 1856 geskryf het en vra dat Smith dit liever self kopieer (vir plasing in *Die Huisgenoot*), aangesien hy moeilik skryf. Die gedig “Op de Snyder Kakatoe” het in Smith se besit gebly en is deel van die versameling.

- Die instelling van die eerste leerstoel in Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch en die aanbod daarvan aan J.J. Smith in 1918.

- Die vertaling in Afrikaans deur J.J. Smith van versies deur Bosman di Ravelli (1912).

- Smith se bekende en gewilde artikel “'n Bietjie oor 'baie'” van 1942 oor die oorsprong van die woord “baie”.

- Ongeskonde kopie van deel 1, no. 1 van *De Huisgenoot* onder redakteurskap van J.J. Smith.

- 'n Notaboek met voorbeelde van “studentetaal” op Stellenbosch soos in 1921 deur J.J. Smith opgeteken.

- 'n Zuid-Afrikaanse Taalbondeksamen-medalje in 1919 aan J.J. Smith toegeken.

- 'n Groot afdeling algemene korrespondensie met belangrike tydgenote, asook van die publiek wat hom dikwels om raad aangaande taal en spelling genader het.

DIE bekendstelling van die J.J. Smith-versameling en die meegaande katalogus, in rooi leer gebind en met goue letters geëmbosseer, was deur Mimi Seyffert in haar hoedanigheid as samesteller en personeellid van die afdeling spesiale versamelings. Sy het sowat vier jaar lank aan die sortering, indeksering en beskrywing van die versameling gewerk. Haar kollegas Marina Brink, Lynne Fourie en Anneke Schaafsma het die proefleeswerk behartig, Margaret Bergh het die voorsortering gedoen, Hanna Botha, onlangs afgetrede hoof van die Dokumentesentrum, het die Nederlandse korrespondensie vertaal, Arthur Wadman het die katalogi gebind en Henri Wirth, hoof van die restaurasie-afdeling, het die ou dokumente gerestoureer.